

AANSOEK OM TOELATING

van 'n leerder en betaling van skoolgelde vir 20__

LW. 'n aparte aansoek moet voltooi word vir elke leerder!

Ooreenkoms aangegaan tussen Hoërskool Bergvlam (hierna verwys as 'die skool') verteenwoordig deur

in hoedanigheid as voorsitter van die Beheerliggaam, behoorlik daartoe gemagtig

EN

Volle name en van van Ouer/Voog (hierna verwys as 'die ouer')

(Identiteitsnommer van ouer)

Die ouer doen aansoek om toelating tot die skool, vir

_____ in Gr _____ vir die jaar 20_____

(naam van leerder)

- Die ouer onderskryf:
 - Die Toelatingsvoorwaardes;
 - Die Gedragskode en Dissiplinêre Stelsel van die Skool;
 - Die Missie van die Skool;
 - Die voorwaardes vir die betaling van skoolgelde, soos uiteengesit in die **Inligtingsbrosjyre – beskikbaar by www.bergvlam.co.za** - van Hoërskool Bergvlam, en wat hierby ingelees word asof dit deel uitmaak van hierdie ooreenkoms.

- Ek kies die volgende adres as my *domicilium citandi et executandi* (waar ek woon):

Posadres

Fisiese Huisadres

_____ Kode _____

_____ Kode _____

- Ek onderneem om, **indien ek van adres verander**, soos in 2 hierbo uiteengesit, binne 7 dae na adresverandering, u skriftelik in kennis te stel van my nuwe adres, of dit self op Saspac Global te verander.
 - Ek onderneem om, **indien my kontaknommer/s verander**, die skool **onmiddellik** in kennis te stel daarvan, of dit self op Saspac Global te verander.
 - Indien ek nalaat om die terme in punt 2.1 en 2.2 na te kom, sal ek (indien van toepassing) aanspreeklik wees vir enige koste wat aangegaan sal word om my op te spoor.
- SKOOLGELDE**
 - Die voorgeskrewe skoolgelde (soos ooreengekom op die ouervergadering) word van tyd tot tyd verhoog en die ouers/voogde is verantwoordelik vir die vereffening na skriftelike kennisgewing. Die verhoogde bedrag moet dus deel uitmaak van die ooreenkoms.
 - Skoolgelde is **voortuitbetaalbaar, voor of op die 7^{de} dag van elke maand**. Die finale paaiement moet teen 31 Oktober van elke jaar (betaalbaar oor 10 maande) of 31 Desember van elke jaar (betaalbaar oor 12 maande) betaal word.



- c. Indien u nalaat om teen dié datum te betaal sal die Beheerliggaam die nodige wetlike stappe aangaan, op die ouer se onkoste, vir die invordering van die uitstaande bedrag.
- d. 'n Bedrag van R500 per kind is betaalbaar na aanvaarding van toelating. **Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar.**
- e. Ek neem kennis dat 'n skoolfondsrekening wat agterstallig is vir langer as 90 dae, sonder dat die nodige reëlings getref is met die finansiële kantoor, oorhandig sal word aan die skool se skuldinvorderingsmaatskappy.
- f. **Indien ek sou nalaat om die afbetalingsooreenkoms na te kom, is die volle uitstaande bedrag onmiddellik betaalbaar.**
- g. Ek sal verantwoordelik gehou word vir alle wetlike foie, sowel as enige ander uitgawes aangegaan, om die voorgeskrewe skoolgelde in te vorder.
- h. **Ek onderneem om die foie vir verbruikbare voorrade (Gr 10-12), wat van toepassing is in sekere vakke, te betaal voor die einde van die eerste kalendermaand.**
- i. 'n Sertifikaat waarin enige agterstallige bedrag tesame met rente aangetoon moet word, is voldoende bewys van die bedrag verskuldig en dat dit nie nodig sal wees om die aanstelling en/of magtiging van die ondertekenaar van die sertifikaat te bewys nie. Hierdie sertifikaat sal 'n wettige dokument wees vir doeleindes van verkryging van voorlopige vonnis.
- j. Vystellingsopsie: Volgens die SA Skolewet kan u aansoek doen vir kwytskelding van die skoolfonds by die Beheerliggaam.
- k. **Beide ouers, al is hulle geskei, is gesamentlik en afsonderlik, verantwoordelik vir die betaling van skoolgelde.**

OPSIES VIR BETALING (merk asseblief die korrekte blokkie)

- Skoolgelde wat ten volle teen die laaste dag van Februarie betaal is, ontvang afslag.
- 'n Stoporder self teken by u bank vir 10 maande.
- Internetbetaling / Direkte deposito's (**gebruik asb altyd u kind se toelatingsnommer as verwysing – sal aangedui word op skoolfondsstaat wat elektronies gestuur word**).
- Maandelikse kontantbetalings.

Ek, Ons, Mnr. _____, met ID Nr: _____

en

Mev. / Me _____, met ID Nr: _____

aanvaar hiermee gesamentlik en/of afsonderlik die verantwoordelikheid vir die betaling van ons kind/ers se skoolgelde .

Handtekening – Vader/Voog

Handtekening – Moeder/Voog

4.1 TOESTEMMING VIR DIE GEBRUIK VAN FOTO'S

Ek neem kennis dat daar van tyd tot tyd informele foto's geneem word van die leerders by die skool en dat, terwyl hierdie foto's in die besit van die skool is, hierdie foto's deur die skool gebruik mag word in die elektroniese en/of gedrukte media wat uitsonderlik vir die doel van bemarking van die skool, sowel as gelukwensing aan presteerders gebruik sal word.

4.2 TOESTEMMING VIR DIE GEBRUIKMAKING VAN ONDERSTEUNINGSDIENSTE

Hiermee gee ek toestemming dat my kind van die skool se ondersteuningsdienste gebruik mag maak / deur die hoof/adjunkhoof/graadvoog daarheen verwys mag word. Ek neem kennis dat ek te alle tye kennis sal dra van die skool se bemoeienis met my kind.

5. VERKLARING DEUR OUERS / WETTIGE VOOGDE:

- a. Ons, die ondergetekende ouers / wettige voogde verklaar hiermee dat die inligting deur ons verskaf in hierdie aansoek om toelating, volledig en akkuraat is.
- b. Ons aanvaar die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die Gedragskode van die skool.
- c. Ons aanvaar dat die skool gebaseer is op Christelike beginsels en waardes en onderneem dat dit nie ondermyn sal word nie.
- d. Enige valse verklaring aangaande die permanente adres van die leerder, sal in 'n ernstige lig beskou word en wetlike aksie mag teen die oortreders geneem word.
- e. Die Beheerliggaam mag my te enige tyd by my woonadres besoek om seker te maak dat inligting wat verskaf is korrek is, en die Beheerliggaam het die reg om toelatingsbesonderhede met my werkgewer na te gaan.
- f. Ek onderneem, om toe te sien dat my kind voldoen aan die algemene reëls en dissipline van die skool, wat voorkoms insluit. Ek sal my kind ondersteun en funksies waar moontlik bywoon.
- g. My kind sal verantwoordelikheid aanvaar vir enige handboeke of enige ander skoolieendom wat hy/sy beskuldig of verloor, sulke items sal vervang of herstel word deur die aansoeker.

6. VRYWARING:

- a. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorgmaatreëls getref sal word rakende die veiligheid en welstand van my kind.
- b. Ek onderneem ook om die skool en alle betrokke partye in die onderskeie aktiwiteite van die skool te vrywaar teen alle eise, verliese en beserings, waaronder my kind sou ly, solank al die redelike voorsorgmaatreëls getref word.
- c. Na skriftelike, amptelike toelating van my kind by Hoërskool Bergvlam sal ek deur die skool voorsien word van 'n afskrif van die Gedragskode, 'n lys van skooldragverskaffers, 'n skryfbehoefte lys en skoolhuiswerkboek, wat die missieverklaring en reëls van die skool insluit.
- d. Ek onderneem om myself en my kind te onderwerp aan hierdie reëls en regulasies wat ek met hom/haar sal bespreek.
- e. Indien my kind dringende mediese, chirurgiese, tandheelkundige behandeling sou benodig en die skool my nie kan kontak nie, of 'n persoon deur my aangewys is nie, binne redelike tyd, ek my magte as ouer of voog aan die hoof of sy/haar afgevaardigde afstaan "IN LOCO PARENTIS".

7. GEVOLGE VAN 'N VALSE VERKLARING:

Sou die Beheerliggaam van Hoërskool Bergvlam te enige tyd ontdek dat 'n valse verklaring geteken is, u kind sy/haar plek in Hoërskool Bergvlam kan verbeur.

Ek,, ouer/voog van

Verklaar hiermee dat ek al die bogenoemde voorskrifte/bepalings **GELEES EN VERSTAAN HET.**

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20_____

Ouer/voog

Getuie

Volle naam & van van getuie

Datum